

# Hoe definieer ons die wêreld

## Hoe definieer ons die wêreld – Francois Malan

Thelma vra:

Ek wil graag weet in 1 Johannes 2:15-17 praat dit van ons moenie in die wêreld wees of dinge van die wêreld doen nie. Hoe definieer 'n mens die wêreld?

### Antwoord

Prof. Francois Malan antwoord:

Verse 15-17 verwys in drie parallele frases na die ou orde wat nog voortbestaan tot die wederkoms van Jesus, en die verhouding van die gelowige teenoor die voortgaande ou bedeling:

God	15 Liefde vir die wêreld –	Liefde vir
	16 kom van die wêreld –	kom van God
	17 die wêreld gaan verby- gehoorsaam, bly vir ewig.	wie God

2:15 'Julle moet nie die wêreld liefhê of die dinge van die wêreld nie...' Die woord 'wêreld' (*kosmos*) word in Johannes in twee betekenisgebruik: as God se hele skepping, mense ingesluit (Jn 3:16), of die menslike samelewing wat in die mag van die bose lewe, teen God en sy wil vir sy skepsels, die 'sondige wêreld,' wat gelei word deur bese selfsugtige begeertes (Jn 16:11). Gelowiges het van die 'wêreld' van duisternis oorgegaan in die lig van God. Hulle word geroep om 'die dinge van die wêreld' te weerstaan. Dit beteken nie dat hulle nie aan God se wêreld moet deelneem nie, maar om in die wêreld te wees en nie van die wêreld nie (1 Jn 4:17; Jn 17:14-16).

'As iemand die wêreld liefhet, is die liefde van (en vir) die Vader nie in hom nie.' God se gawe van sy

liefde en lewe moet reg gebruik word, deur Hom lief te hê, in sy liefde te leef in die wêreld, liefde vir die sondige wêreld te verwerp, en selfsugtige begeertes te weerstaan. Liefde is nie 'n onbeheerbare emosie nie, maar konstante toewyding van jou wil. Die een wat die dinge van die wêreld liefkry, gee homself daaraan oor en leef volgens die norme van die wêreld wat nie met God rekening hou nie.

2:16 Hier verduidelik Johannes wat 'al die dinge wat in die wêreld' is, wat teen God staan:

(i) 'die begeerte van die vlees' – eintlik is dit 'n opsomming van alles wat deur die volgende twee dinge verder verduidelik word. Die woord 'vlees' (*sarks*) word gebruik vir die natuurlike swak liggaam, en vir die sondige gees. So is daar ook goeie begeertes en slegte begeertes. Hier gaan dit om die sondige begeertes van die sondige mens wat uitinge van sy selfsug en hoogmoed is (vgl. die lys van Gal 9-21). Begeerte (*epithumia*) verwys na 'n sterk begeerte (neutraal), en ook om te kry wat aan iemand anders behoort, 'n lus daarna (negatiewe betekenis). Laasgenoemde gaan om 'n eiewillige selfbeskikking en selfgerigtheid los van die wil van God.

(ii) die begeerte van die oë – 'n drang om dit wat die oë sien te verkry – sondige begeerlikheid na dinge wat teen die wil en wense van God is. Die oë is nie vanself verkeerd nie, maar word die instrumente waarmee verkeerde begeertes toegelaat word om wortel te skiet en te groei in die menslike wil.

(iii) 'praalsug' of 'grootpraterij /arrogansie van die lewe' – (lewe, *bios*, verwys na jou daaglikse optrede of gedrag, of na jou besittings) die dinge in die wêreld maak dat 'n mens op hulle gaan roem en hom op hulle verlaat. Die woord (arrogansie, of pretensie) verwys na iets wat spruit uit 'n valse waardering van wêreldse besittings, houdings en aktiwiteite. Daarmee wil 'n mens wys dat hy beter is as ander, en versteur só juis sy verhouding met ander (vgl. Flp 2:3-5 vir egte nederigheid).

Bose begeertes (i) en valse waardes (ii) gaan oor onheilige begeertes na dinge en posisies wat ons nie het nie, en egoïsme (iii) gaan oor onheilige trots oor prestasies of dinge wat ons het.

Johannes het verduidelik wat al die dinge van die wêreld is wat die gelowige moet vermy en nie moet liefhê nie:

selfsugtige begeertes, wat gestimuleer word deur wat die oë sien en tot uiting kom in 'n uiterlike vertoon.

Sondige begeertes is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld.' Hervorming moet van binne af begin. Die wêreld, die menslike bestaan, aardse besittings, is nie in sigself sondig nie; dit is die mens se ingesteldheid daaroor en die mens se drang om daarmee verbind te wees sonder God, in die plek van God en selfs teen God. Dit is 'n vervreemding van God (vgl. die derde groep sade wat tussen die onkruid geval het as beeld van bekommernis van die lewe, en die verleidelikheid van rykdom wat die woord verstik dat dit sonder vrug bly, Mat 13:22) .

2:17 Die wêreld met sy dinge wat begeer word, is aan die verbygaan. Dit is die tweede rede waarom 'n Christen nie die wêreld moet liefhê nie (die eerste rede in 2:15-16: liefde vir die wêreld en liefde vir God sluit mekaar uit). Die dinge van die wêreld het egter nie permanente waarde nie, so ook nie die begeerte na die dinge van die wêreld nie

(1 Kor 7:31 sê: 'hierdie wêreld soos ons hom ken (letterlik: die huidige vorm of voorkoms van hierdie wêreld), is aan die verbygaan.' Daarom het dit nie blywende waarde nie. Daarom moet die Christen sy liefde vir dinge van die wêreld en sy verlange na die eer van mense aflê. Dit is deel van sy selfverloëning.

'maar hy wat God se wil doen, bly vir ewig' – God se wil is boweal om lief te hê. Liefde teenoor God, deur sy geboorte te gehoorsaam, deur steeds in liefde op te tree teenoor alle mense met wie ek in aanraking kom (vgl. Rom 13:16 die liefde doen die naaste geen kwaad aan nie. Daarom is die liefde die volle uitvoering van die wet). Liefde vir die wêreld kom uit die wêreld (2:16) wat aan verbygaan is. Liefde vir God kom uit God, en God is ewig, so ook die lewe wat Hy vir die gelowige gee. Omdat dit uit God is, is dit permanent, ewig. Dit behoort aan 'n heeltemal ander dimensie as die wêreldlike lewe wat die Christen omring met verloklikhede om hom weg van God se wil af te lei, en jou eiewilligheid wat jou soos 'n tipiese wêreldling laat optree. Maar om afstand te hou teenoor die wêreld se aansprake is daar slegs een manier, naamlik om die wil van God te doen deur lief te hê – dit bly vir ewig en gee sin en rigting in die lewe.

# Die eerste brief van Johannes: God is Lig – lewe in die lig! (1:5-7)

Onder die tema 'lewe in die lig' kyk die skrywer eers na God as lig (1:5-7) en daarna na vier vereistes vir 'n gelowige om as verligte die wêreld te verlig en die duisternis van sonde, die Bose, die wêreld en die antichris te oorwin (1:8-2:27).

1:5 Die boodsakp wat Johannes-hulle by Jesus gehoor het en aan die gemeentes verkondig, is dat God lig is. Die boodskap het hulle by Jesus self gehoor, die enigste Persoon op aarde wat vir God waarlik ken (Jn 1:18). Hy, die Woord van God, was ook die lig vir die mense, die lig wat in die duisternis skyn, en die duisternis het dit nie uitgedoof nie (Jn 1:4-5). Die mens kan God nie uit homself ken nie. God openbaar Homself aan die mens in Christus.

Reeds in die Ou Testament is lig en duisternis simbole vir waarheid teenoor leuen, geregtigheid teenoor boosheid (Ps 104:2; 119:130; Jes 5:20; Miga 7:8-9; vgl. Ps 27:1). Ook die Grieke het die term 'lig' vir die goeie gebruik.

Dat God lig is beteken dat Hy in sy wese en van nature lig is. Ook as die waarheid (intellektueel) en na sy heiligheid (moreel) is Hy lig. In 2:8 word na Jesus verwys as 'die ware lig wat reeds skyn'. Maar God is lig (1:5), soos Hy liefde is (4:8,16) en gees is (Jn 4:24). As sodanig is God oneindig, bonatuurlik, geheel anders, die bron van alle lewe en verligting (2 Kor 4:4-6). Met 'n sterk negatief sê die skrywer: daar is (glad) geen duisternis in Hom nie. As lig (liefde, waarheid en geregtigheid) openbaar Hy juis wat duisternis eintlik is: haat, leuen en boosheid.

God se volgelinge, sy kinders wat uit Hom voortkom, wat aan Hom behoort, met Hom gemeenskap het (1:3), moet daarom wandel in die lig, lewe in dié lig, om God se lig te weerkaats (vgl. Lev 11:44; 19:2; 20:26; 1 Petr 1:16: 'wees heilig want Ek is heilig').

1:6 Hierdie is die eerste van 3 pare stellings wat begin met 'As ons beweer...' (vgl. 1:8 & 10) en 'Maar as ons... (1:7,9; 2:1). Dit verwys na sommige wat beweer dat sonde nie hulle verhouding tot God en hulle lewe affekteer nie, en dat hulle manier van lewe nie vir hulle belangrik is nie, die tipiese Hellenistiese skeiding tussen bese liggaam en reïne siel, wat nie die mensheid van Jesus belangrik beskou nie (vgl. Paulus se stryd teen dié Griekse dwaling in 1 Kor 6:12-20).

As ons as gelowiges sou beweer dat ons gemeenskap met God het (1:3), maar tog gewoonlik in die duisternis lewe, lieg ons...' 'n Lewe in die duister loën gemeenskap met God wat lig is. Dit verwys na 'n ingesteldheid wat uitloop op verkeerde optrede, en wat bepaal dat ek sonde (duisternis) kies eerder as vir God (lig).

Johannes se veroordeling daarvan word eers reguit positief gestel en dan negatief om dit te beklemtoon: '...dan lieg ons, en handel/doen ons nie na die waarheid nie' (vgl. Jer 9:3 '...bedrog het die oorhand in die land, nie die waarheid nie...en My ken hulle nie, sê die Here'). In hierdie brief is daar 'n sterk beklemtoning van lieg teenoor doen van die waarheid (2:4; 4:20). In Jn 8:44 het Jesus die duiwel aangewys as die vader van die leuen. In 1 Jn 3:7-8 ontken Johannes dat 'n mens ooit regverdig kan wees sonder om ook regverdig en reg te lewe.

Die woord 'waarheid' word twintig maal in die drie briewe van Johannes gebruik vir die openbaring van God se wese en sy doel deur sy Seun Jesus te red. Om die waarheid te doen beteken om te lewe volgens wat Jesus vir ons van God geopenbaar het, naamlik dat God lig is, om met ons hele bestaan vanuit God se lig te lewe met integriteit, regte gedagtes, woorde en dade van lig en liefde.

1:7 Teenoor 'n lewe in die duisternis van sonde, wat gemeenskap met die God van lig uitsluit, staan: lewe in die lig, wat voortvloei uit gemeenskap met God wat self lig is (1:5). Die tyd van die werkwoord druk voortgang uit, 'n bewuste en volgehoue toewyding aan 'n lewe in ooreenstemming met Jesus se openbaring van God as lig, om te lewe as kinders van die God van lig.

Teenoor die twee negatiewe gevolge van lewe in duisternis (v6) staan twee positiewe gevolge van 'n lewe in die lig van God, waar niks weggesteek kan word of weggesteek hoef te word nie

- i. (i) 'dan het ons gemeenskap met mekaar...' deur die liefde vir God se kinders, wat God deur sy Gees in ons harte inbring, word ons aan mekaar verbind (vgl. Mat 5:48 wees julle dan volmaak, soos julle hemelse Vader volmaak is, deur selfs julle vyande lief te hê).
- ii. (ii) 'en die bloed van Jesus, sy Seun, reinig ons (steeds) van elke sonde' – in die nabyheid van die heiligheid van die God van lig word ons al meer bewus van ons sondigheid. Vir elke sonde van ons het die mens Jesus, wat ook die Seun van God is, reeds gesterwe aan die kruis. Sy bloed is die simbool vir sy liefdesoffer aan die kruis. In die Ou Testament word bloed beskou as die setel van lewe (Lev 17:11). Deur die kruisdood van Jesus word ons sonde en wat daarmee saamgaan effektief en herhaaldelik sonde versper die gemeenskap met God en met mekaar as gelowiges. Met die verwydering daarvan deur Jesus is egte gemeenskap moontlik.

Met die verwysing na 'Jesus (sy menslike naam), die Seun van God,' word sy menslikheid en sy Godheid beklemtoon teenoor die dwaalleraars wat óf die een óf die ander loën. As mens het Hy Homself met ons vereenselwig. As God kon Hy die sonde van die ganse wêreld op Hom neem en wegneem (Jn 1:29).

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)

---

## Voorwoord: Die Eerste Brief

# van Johannes

## Jesus die mens is die enigste Seun van God, die bron van gemeenskap (1:1-4)

1:1 'n Tipiese Griekse brief begin met die naam van die skrywer, die geadresseerdes en 'n groet, soos in Paulus se briewe en in 2 Johannes. Die skrywer begin hier egter met die hoofsaak van die brief en spel die waarheid uit om alle dwalings by die wortel af te sny. Verse 1-3 is oorspronklik een sin, wat die uitdrukking 'Woord van die lewe' verduidelik. Die een ding wat sy gedagtes beheers, is: Jesus Christus is die Woord van die lewe!' Die drie verse kan saamgevat word as: ons getuig en verkondig aan julle die Woord van die lewe, sodat julle met ons gemeenskap kan hê, en julle saam met ons gemeenskap kan hê met die Vader en die Seun. Ons skrywe hierdie dinge sodat die gemeenskap van die gelowiges, as kinders van God, met sy vreugde vervul sal wees.

'Wat van die begin af was' verwys waarskynlik na die begin van alle dinge, die begin van die wêreld (Genesis 1:1), vóór alle tye (soos in Johannes 1:1). Johannes wil baie duidelik sê dat die Woord, dat Jesus, van ewigheid af, vóór alle tyd, bestaan. Dit stel hy voorop in sy boodskap aan die gemeentes.

Die skrywer is deel van 'n groep mense, sy mededissipels, volgelinge van Jesus tydens sy aardse omwandelings, van wie hierdie getuienis uitgaan; 'n groep wat, as oor- en ooggetuies, eerstehandse kennis het van dit wat hier oor Jesus geskrywe word. Hy wat van ewigheid af bestaan, het 'n konkrete mens geword. Ons het sy prediking 'gehoor,' sy optrede 'gesien,' Hom 'aandagtig bekyk,' 'met ons hande aangeraak.' Die ewige God was konkreet liggaamlik by ons – dit teenoor die dwaalleraars wat òf Jesus se godheid misken, òf sy mensheid.

'Aangaande die Woord van die lewe' – sommige sien hierin slegs die lewende ewangeliewoord wat lewe wek. Ander sien hierin die Woord van Jn 1:1,4 wat self God is, in wie die ewige lewe is, en wat 'n swakke mens geword het (Jn 1:14). Die twee

betekenisse kan altwee aanvaar word, want Jesus wat self die lewe is en dit verkondig, gee ook die lewe (Jn1:4, 12; 3:36). Alle lewe kom van God af. Die mens wat in Jesus, die Woord van die lewe glo, word verbind aan die bron van alle lewe.

1:2 Hierdie tussensin, tussen verse 1 en 3, verklaar die 'lewe' van vers 1 verder: 'en die lewe is geopenbaar, en ons het gesien en getuig en verkondig aan julle die ewige lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is.' Die 'lewe' wat geopenbaar is aan die dissipels is sowel Jesus wat die lewe is, en die ewige lewe wat Hy aan sy dissipels meedeel, nl. lewe in gemeenskap met Hom wat ewig lewe. Ons kry deel van die ewige lewe as God se kinders deurdat ons aan die Seun van God, wat die ewige lewe is, verbind is.

Sy goddelike lewe was in die geskiedenis sigbaar gemaak met die koms van Jesus na die wêreld. In Jesus, as die Woord van God, word die wese van God geopenbaar. Die persoonlike ontmoeting met die lewende historiese Woord van God, moet uitloop op die gelowige se getuienis oor die Woord. Onder die leiding van die Heilige Gees lei dit tot die verkondiging van die evangelie deur woord en daad.

Die 'lewe' word verklaar as die ewige lewe wat by die Vader was. Die klem lê nie op die tydsaspek van die ewige lewe nie, maar op die kwaliteit van die lewe. Dit is 'n lewe in gemeenskap met die Vader, die ewige God, die bron van alle lewe. Dit is die lewe wat aan ons geopenbaar is met die koms van die Woord van God, in wie die lewe is, en wat mens geword het.

1:3 Vers 3 herhaal vers 1 se 'ons het gesien' en 'ons het gehoor' om dit te beklemtoon. Vers 2 het die 'lewe' van vers 1 verduidelik as 'ewige lewe.' In vers 3 sê Johannes: die manier om die ewige lewe te verkry, wat God deur Jesus gee, is om Jesus te ken. Ons het Jesus geken deurdat ons die Woord, wat mens geword het, met ons oë gesien het en met ons ore gehoor het – teenoor die dwaalleraars wat party sy Godheid loën en

ander sy mensheid. Ons is boodskappers wat ons kennis van Jesus, in opdrag van Hom, ook aan julle aankondig. Al het julle Hom nie gehoor of gesien nie, is die koms van die goddelike ewige Lewe in die mens Jesus ook vir julle bedoel (Jn 20:29).

‘Sodat ook julle met ons gemeenskap kan hê, en dié gemeenskap van ons (saam met julle) is met die Vader en met sy Seun Jesus Christus.’ Die eerste doel van die verkondiging is ons gemeenskap en verbondenheid aan God en daarmee ook met mekaar as sy kinders wat aan sy Seun verbind is – gemeenskap met God en sy kinders, wat die ganse lewe omvat, is ‘n meer omvattende begrip as net verlossing om hemel toe te kan gaan,

Die aard van die Christelike gemeenskap word bepaal deur God. Hy is die oorsprong daarvan, en Hy bewerk dit onder ons. God neem ons op in die gemeenskap tussen die Vader en die Seun, waardeur gelowiges ook aan mekaar verbind word as hulle Johannes se getuienis oor Jesus glo. Sonder die onderlinge liefdesgemeenskap van gelowiges is daar ook nie sprake van gemeenskap met God nie (1 Jn 4:20).

1:4 Johannes skryf namens hulle apostels om vas te lê wat in die hele brief geskryf word. Die unieke gemeenskap met God en met mekaar is die bron van ‘ons volkome blydskap’ – bly om deel te wees van God se gesin van liefde.

**Skrywer:** [Prof Francois Malan](#)

---

# Die eerste Brief van Johannes: Inleiding

Die brief is 'n dringende oproep tot gelowiges en gemeentes (i) om te volhard in die geloof in Jesus Christus, die Seun van God, wat egte mens geword het om met ons te identifiseer, en as God die straf vir ons sondes aan die kruis gedra het; (ii) om as kinders van die God van lig en liefde, te lewe in sy lig en in sy liefde, deur mekaar lief te hê.

Die brief word waarskynlik ná die Evangelie van Johannes geskryf deur die 'ouderling/oudste' (presbuteros), die skrywer van 2 en 3 Johannes. Volgens 1 Jn 1:1 was die skrywer 'n volgeling van Jesus tydens sy aardse onwandelings. Die kerklike tradisie het, volgens die skrywers uit die 2e eeu n.C., aanvaar dat die apostel Johannes die skrywer is. Die brief is waarskynlik neergeskryf deur van Johannes se volgelingen. Die brief bevestig en brei uit op die Evangelie van Johannes, en daar sal telkens na die Evangelie verwys word om die agtergrond in te vul.

Die Evangelie volgens Johannes was voor 1 Johannes geskryf aan die huisgemeentes in en om Efese 'sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en dat julle deur te glo die lewe in sy Naam kan hê' (Jn 20:31). Daarby is die Evangelie ook 'n oproep om twee groepe in die gemeentes te versoen. Die Joodse Christene het hulle toewyding aan die mens Jesus bely, maar het dit moeilik gevind om Jesus se Messiaskap en sy Godheid te aanvaar, en het 'n belangrike plek gegee aan die onderhouding van die Joodse wet om verlossing te verkry. Die Griekse Christene (en 'n paar van die Hellenistiese Joodse Christene) het nie 'n probleem met Jesus se godheid gehad nie – die Griekse kultuur het baie gode gehad. Maar hulle was nog onder die invloed van die Hellenistiese verlossingskema, dat

die mens se siel juis uit die tronk van sy liggaam verlos moet word, en hulle het dit moeilik gevind om te glo dat Christus werklik liggaamlik mens geword het. Daarteenoor het die Evangelie die klem gelê op Jesus se Godheid én sy mensheid. Dié Evangelie wou die Joodse gelowiges, wat Jesus minder as God beskou het, oortuig van sy Godheid, en die Griekse gelowiges, wat Christus nie as 'n egte mens beskou het nie, van sy mensheid oortuig – die Woord van God, self God, wat vlees/swakke mens geword het (Jn1:1-3,14); vgl. Tomas se belydenis nadat hy die merke aan Jesus se hande gesien het: my Here en my God (Jn 20:28). Daarby beklemtoon die Evangelie wedersydse liefde (13:34-35; 15:12,17) en kerkeenheid (17:11,21-23) .

Later het die spanning in die gemeentes groter geword, soos uit 1 Johannes blyk, en het daar, benewens die middelgroep wat die boodskap van die Evangelie aanvaar het, aan die twee sykante verharding ingetree. Die Joodse systroom het dit al meer beklemtoon dat die wet onontbeerlik is vir verlossing, en die Hellenistiese aanhangers het al minder erg gehad aan 'n lewenswyse volgens die wet en die eise van die liefde. Daar was ook 'n vierde groep, wat op die punt gestaan het om van die gemeentes en van Christus los te breek, of reeds weggebreek het (1 Jn 2:18-19), òf oor die wet van onderlinge liefde (Helleniste), òf oor Jesus se godheid en die vryheid wat die geloof bring (Jode).

[Die geskrifte van Ireneus en Eusebius sê dat die Hellenistiese Jood Serinthus, 'n tydgenoot van Johannes in Efese, verkondig het dat Jesus gebore is uit Josef en Maria (nie maagdelik nie), en dat die Christus met sy doop op Jesus neergedaal het in die vorm van 'n duif. Van toe af het hy die onbekende Vader verkondig en wonders gedoen. Op die end het die geestelike Christus die liggaam van Jesus verlaat, die mens Jesus het gesterf en dit is Christus wat opgestaan het. So het Christus as 'n geestelike wese sonder lyding gebly. Daarby was 'n morele lewe vir Serinthus nie van belang nie, en

was hy arrogant liefdeloos teenoor ander. Daarteenoor beklemtoon 1 Johannes geloof in Jesus as die Christus wat mens geword het, gehoorsaamheid aan die woord van God, en onderlinge liefde onder gelowiges.]

1 Johannes is in die eerste plek 'n oproep tot die getroues in die gemeentes, om hulle geloof te versterk, om te bly by die evangelie wat hulle ontvang het, deur te volhard in die geloof in Jesus Christus as die Seun van God, en om in die lig te lewe as kinders van God wat in sy liefde bly en mekaar liefhet. Daarby wil 1 Jn. beskouings regstel, wat afwyk of die evangelie verdraai. Hy wys die dwaling dat Jesus nie 'n egte mens geword het nie, af, in 1:1; 2:22-23; 3:16; 4:1-3; 5:6. Dat Jesus God is, blyk uit die hele boek (vgl. bv. 1:3; 2:1,22-24 3:8,23; 4:9,14-15; 5:1,5,9-13 en veral 5:20). So wil hy eenheid in die gemeentes bewaar (2:26; 3:7; 4:1). Met hierdie oproep tot die gemeentes bied die skrywer van 1 Jn. 'n lewende alternatief vir 'n verstokte Judaïsme en vir die Hellenistiese oorskatting van die menslike rede. As mens het Jesus Homself geïdentifiseer met ons versoekings, sonde, lyding en dood, en omdat Hy ook God is, kon Hy die straf op die sonde van die hele wêreld dra, ons van die mag van die sonde bevry, en die dood 'n poort na die hemel maak.

1 Johannes gaan hoofsaaklik oor ware Christen dissipelskap. Die twee hoofafdelings van die brief verduidelik die vereistes daarvan en spoor die lesers aan om te lewe in die lig (1:5-2:27) as kinders van God (2:28-5:13).

**Skrywer:** [Prof Francois Malan](#)